



HANDEVAT

HuiseWAT JesusVOLG 2019

Dienaars

wat ander vertel dat Jesus opgestaan het

19 - 25 Mei

Huis – Tafel – Gesprek

Gedagtes en vrae vir gesprek in my huis, rondom die tafel

Teks van die Week: Amos 5: 14

- *Gesels saam – Hoe kan ek meer goed doen en minder verkeerd doen?*
- *Deel met mekaar: Vertel 'n storie van hoe jy al beleef het dat God naby aan jou is wanneer jy goed doen aan iemand.*
- *Deel met mekaar: Vertel ook 'n storie van hoe jy al gevoel het dat God vêr van jou af is as jy iets verkeerd gedoen het.*
- *Om oor na te dink: Wat kan ons huis doen om die nood van swakkes en armes te verlig?*

Lees ook: Galasiërs 6: 2; Matteus 25: 31 - 46

Amos 5: 14

“Probeer goed doen, nie verkeerd nie, dat julle kan lewe! Dan sal die Here die almagtige God so by julle wees soos julle sê dat Hy is.”



Ouerskap

HOE LEER EK MY KINDERS OM TE GEE?

Ek glo dat dit die wil van God is dat gesinne Sy hande en voete hier op aarde moet wees. Kinders moet in hulle ouerhuise leer dat ons die kerk van Christus is. Ouers moet dit daarom ook aan hulle kinders modelleer. As ouers wys dat hulle omgee vir ander mense, sien die kinders dit en doen dit ook.

Wat keer dat ons na ander uitreik? Die lewe is gejaagd en mense is selfgesentreerd. Mense het verkeerde prioriteite. Ouers is dikwels so besig met hulle beroepe en hulle kinders se aktiwiteite, dat hulle nie tyd het om uit te reik na ander nie.

'n Gesin wat omgee vir ander, se harte, huis en beursie is oop vir ander mense. So 'n gesin huiwer nie om iemand wat verblyf nodig het in hulle huis te neem en terwyl die persoon daar tuisgaan, hom/haar met Jesus se liefde te bedien nie. So 'n gesin sal op materiële gebied bydra om ander mense se lewe te vergemaklik, met geld, kos, klere en ander benodigdhede.

Telkens word dit bewys dat kinders baie baat by ervaringsleer. Vriende van ons het een jaar saam besluit dat hulle nie Kersgeskenke sou kry nie, maar elke kind sou vir 'n maatjie in 'n plakkerskamp 'n geskenk koop. Nadat die seun reeds vir 'n maatjie 'n geskenk gekoop het, vra hy vir sy pa of hy nog geld kan kry. By navraag blyk dit toe dat die seun 'n pop wou koop! Waarom? Die seuntjie vir wie hy 'n geskenk gekoop het, se sussie het nog nooit in haar lewe 'n pop gehad nie.

Helene Smith

[Lees die volledige artikel hier](#)




Gebed



- *Goed doen* – In gebed vra ons die Here om ons te wys waar en wanneer ons goed kan doen aan mense rondom ons
 - *Swakkes en Armes* – Ons vra die Here dat Hy ons sal gebruik om die lewens van swakkes en armes beter te maak
 - *Personeel* – Ons bid saam as huis vir die gemeente se personeel wat week na week alles moet regkry in die gemeente sodat ons saam die Here kan dien in sy gemeente
-

Notas

- **Hemelvaart** – Ons vier vanjaar Hemelvaart op Donderdag 30 Mei. Moenie die Hemelvaart dienste vir volwassenes en kinders misloop nie.
 - **Kinderpinkster** – Kinderpinkster (en die normale Pinksterreeks) vind vanjaar plaas van 2 tot 6 Junie. Tref nou reeds voorbereidings dat julle dit in eksamentyd kan bywoon.
 - **Whatsapp** – Hier is die nommer vir Kruinkerk se Whatsapp kommunikasie: **060 423 6970**. As jy wil aansluit by die gemeente se weeklikse whatsapp kommunikasie, save hierdie nommer op jou foon en stuur 'n whatsapp met jou.
-





Agter Jesus aan

Gregory Boyle, die skrywer van die aangrypende boek "Tattoos on the heart", het die volgende gesê toe hy op 'n keer met mense moes praat oor omgee in die wêreld:

"Now I welcome my wounds. I Let my fingers over my scars. My wounds are my friends. After all, how can I help heal the wounded if I don't welcome my own wounds."

"The measure of our compassion lies not in our service of those on the margin, but only in our willingness to see ourselves in kinship with them."

"You have to brace yourselves, because people will accuse you of wasting your time when you stand with the poor, the powerless, the voiceless, you stand with those whose dignity has been denied and you stand with those whose burdens are more than they could bare..."

"The gentle kind soul is proof that only the soul that ventilates the world with tenderness has any chance to change the world."

<https://www.youtube.com/watch?v=UkilxRHybCg>

Laat ons dan ons eie wonde embrace. Laat ons ons verbind tot ons naaste. Laat ons nie ons tyd mors nie. Laat ons die wêreld verander met ons omgee.

Schalk Basson - 082 775 6269

schalk@kruin-kerk.co.za

